

## Sing vooraf staande: Psalm 116:9

- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg,  
seun van u diensmaagd, in u diens gebore:  
my bande is los; vir hoër diens verkore,  
bring ek die offers, aan U toegeseg.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 86:8 (p. 434)

- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig  
in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.  
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!  
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 89:11 (p. 446)

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.  
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.  
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Skriflesing: Psalm 2

Teks: Psalm 2:6, 7; Heidelbergse Kategismus Sondag 13

**Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. Ek wil vertel van  
die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self  
U gegeneer. (Psalms 2:6, 7 AFR1953)**

Al die volke is oproerig en opstandig teen die Here.

- Nogtans praat Psalm 2 met hierdie woorde van die vredeskoninkryk van die Gesalfde Koning van God.
- Hy is die Verlosser wat 'n koninkryk tot stand bring sonder dat iemand Hom kan teëstaan, want Hy is deur God gesalf, en gegeneer, en Hy is God self.

Die gedeelte beskryf die verlossingswerk van die Here Jesus Christus.

- Want wie anders as Jesus Christus gaan mense verlos, en 'n koninkryk oprig?
- Let op hoe die Ou Testament die Here Jesus in Psalm 2 voorspel:
  - Hy is die Seun van God.
  - God het Hom gegeneer.

Dis baie belangrike woorde hierdie, want die Nuwe Testament leer dieselfde: Jesus is die Seun van God.

- Ons lees byvoorbeeld in Johannes 5:18 dat die Here Jesus gesê het God is sy

Vader, en Hy het Hom ook met God gelykgestel – presies soos dit in Psalm 2 staan.

**Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het.** (Johannes 5:18 AFR1953)

- Die Jode het hierdie dinge nie verstaan nie. Daarom het hulle toe hulle hoor dat Jesus Homself met die Vader gelykstel, probeer om Hom dood te maak.

Romeine 8:32 sluit hierby aan, maar brei net verder uit op die saak:

**Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?**

(Romeine 8:32 AFR1953)

Hierdie gedeelte leer ook dat die Here Jesus God se Seun is.

- Dit leer daarby dat Hy vir ons gesterf het – die Vader het die Seun oorgegee aan sy toorn sodat Hy daardeur die straf vir ons almal gedra het.
- Op dié wyse het Hy vir ons versoening bewerk.

Hoe is Jesus God se Seun? Is dit net figuurlik bedoel – met ander woorde dat dit maar net 'n manier van sê is? Of is Jesus werklik God se Seun?

- Die antwoord is dat Jesus werklik God se Seun is, al het Hy van ewigheid af bestaan.
- Dit is waarom daar in Psalm 2 staan dat God sy Seun gegenerereer het.
- Dit beteken Hy het van altyd af bestaan, al is Hy op 'n bepaalde tydstip gebore uit Maria – dit was hoe Hy mens geword het.

Laat ons dadelik dit sê:

- Ons kan nie alles verstaan wat God doen nie, want Hy is net te groot en te magtig in sy doen en in sy denke.
- *Hierdie ding dat Jesus God self is, en dat Hy ongeskape is, en dat Hy van ewigheid af bestaan, maar dat Hy nogtans uit 'n vrou gebore is, is een van daardie dinge wat God kan beplan en kan doen, maar waar ons verstand nie kan bybly nie.*

Ons bely hierdie dinge al vir baie eeue in ons belydenisskrifte.

- Ons bely byvoorbeeld in die belydenis van Athanasius, artikel 8, die volgende:  
***Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape, die Heilige Gees is ongeskape.***
- En in artikel 13:  
***en tog is dit nie drie Almagtiges nie, maar een Almagtige.***
- En in artikel 22:  
***Die Seun is deur die Vader alleen, nie gemaak of geskape nie, maar gegenerereer.***

Hoekom bely ons al hierdie moeilike dinge?

- Ons doen dit sodat ons daarmee baie duidelik en ondubbelsinnig bely dat Jesus waaragtig God is.
- Hy is aan God gelyk, want Hy is God.
- Hy doen Goddelike werke, en Hy dra God se Name.
- Hy word aanbid soos God aanbid word, want hy is God wat aanbid moet word.

Ons lees dit byvoorbeeld in Kolossense 1:13-15:

**Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes. Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; (Kolossense 1:13-15 AFR1953)**

Sien u dat die Bybel Jesus hier nie net openbaar as die Verlosser wat met sy bloed vir sondaarmense betaal en wat daarna 'n hemelse koninkryk oprig nie?

- Hy word ook beskryf as die Beeld van die onsienlike God.
- Hy is die onsienlike God self wat Hom 'n tyd lank in 'n menslike liggaam aan ons geopenbaar het.

1 Johannes 5:20 beskryf die Godheid van Jesus presies so:

**En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe. (1 Johannes 5:20 AFR1953)**

Maar nou is ons ook kinders van God.

- Natuurlik is ons dit op 'n totaal ander manier as die Here Jesus Christus!
- Hy is God se eie Seun, soos ons gesien het, en ons is aangename kinders.

As ons baie eerlik wil wees, moet ons erken dat ons kinders van die toorn is, want ons doen baie dinge waarvan God nie hou nie.

- Ons doen sonde, en is ongehoorsaam, en onteer dikwels die beeld van God in ons met growwe dinge wat ons aanvang.
- Ons vertrap baie keer die genade van God.

Maar die Here gaan haal ons juis in hierdie toestand deur die dood van sy Seun.

- Hy verander ons in kinders wat gehoorsaam kan wees.
- Hy maak weer van ons kinders van die lig.

Kyk na die verskil.

- Die Here Jesus Christus is God se ongeskape en sondelose Seun.
- Daarteenoor is ons geskape mense,
  - wat in sonde geval het en
  - toe weer verlos moes word en
  - teruggebring moes word na die doel van ons skepping toe.

Dis ook die rede waarom ons Jesus bely as "onse Here".

- Hy het met sy genade ons onmag weer in krag herstel.
- Hy het ons verander van verlorene na verlostes.
- Hy het ons liefdeloosheid vir God weer in aanbidding omgekeer.

Hy het ons met ander woorde totaal vernuut – liggaamlik en geestelik.

- Die geestelike vernuwing belewe ons nou reeds in ons daaglikse bekering, en in ons gehoorsaamheid aan God.
- Ons beleef dit ook in ons geloof.

Die liggaamlike vernuwing word eers 'n werklikheid op die dag van die wederopstanding, wanneer die aarde ons liggame sal gee sodat God ons liggame verheerlik en dit weer met ons siele herenig.

Nou kom die toepassing: Ons bely Jesus as die Seun van God wat ook ons Here is –

maar dit moet werk in ons daaglikse geloof.

- Die feit dat ons Jesus as God se Seun bely, maak ons niks beter as die duiwel nie, want daar is 'n paar voorbeelde in die Bybel waar die duiwel die Here Jesus ook bely het as Jesus, die Seun van die lewende God!
- Ons moet beseft dat ons deur die dood van Jesus werklik die eiendom van God geword het.

Eers was ons skepsele wat die doel van ons lewe, naamlik om God te dien, verloor het.

- Die Here Jesus het ons verander in kinders van God.
- Ons moet nou sorg dat ons lewe daarby aanpas, want as ons dit beseft, moet ons alle dinge wat verkeerd is in ons lewens uitstryk.

Kom ons lees saam wat ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus Sondag 13 oor dié dinge te sê het:

**Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?**

**Antwoord:** Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b).

(a) Joh 1:14; Heb 1:1, 2; Joh 3:16; 1 Joh 4:9; Rom. 8:32. (b) Rom 8:16; Joh 1:12; Gal 4:6; Ef 1:5, 6.

**Vraag 34: Waarom noem jy Hom ons Here?**

**Antwoord:** Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het (a).

(a) 1 Pet 1:18, 19; 2:9; 1 Kor 6:20; 1 Tim 2:6; Joh 20:28.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 118:1, 2 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.  
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.  
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!  
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!  
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 8 Mei 2011

Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum 14 Julie 2013